


# SUIDOOSTERFEES

**28 APRIL - 3 MEI 2015**



## WINDE VAN VERANDERING

**ARTSCAPE | FUGARD TEATER | CITY HALL | BAXTER TEATER**
**GRANDWEST CASINO | GARDEN COURT TEATER | WELGEMEEND**

www.suidoosterfees.co.za @Suidoosterfees Suidoosterfees

CITY OF CAPE TOWN ISIXEKO SASEKAPA STAD KAAPSTAD
kykNET
arts & culture
DIE BURGER

# VOORWOORD

Die Suidoosterfees is weer hier met 'n groter, meer uitdagende en meer inklusiewe program met die tema: "Winde van Verandering". Hiermee verwys ons nie net na die Suidoosterwind wat ons so rond waai nie, maar ook na die verandering wat hierdie fees vir ons ondersteuners bied. Ons het die datum verskuif na 28 April tot 3 Mei en hoop van harte dat die wind die reën sal weghou. Dit is ook die eerste fees onder die leiding van ons nuwe Uitvoerende Hoof, Niël Rademan. Ons glo dat hierdie nuwe energie sal bydra tot 'n nuwe ervaring onder ons kunstenaars en ondersteuners.

Een van ons naamborge: Die Burger, vier sy honderste bestaansjaar en ter herdenking hiervan is daar 'n baie spesiale kunsuitstalling wat 'n oorsig sal bied van Die Burger oor hierdie tydsduur. Daar is 'n addisionele kunsuitstalling: *SHINE on Overberg*, wat die lewe van appelplukkers uitbeeld.

Hierdie jaar word daar ook meer op feesgees gefokus met onder andere die aanbring van 'n Plesiertent op die Piazza wat die platvorm sal bied vir die finaliste van die SOF Talentsoektog, Lyndans, die Rapport / ATKV Koorkompetisie en ook die RSG musiekkonsert. Hierdie is nuwe inisiatiewe met die doel om die plaaslike gemeenskappe direk betrokke te maak by die fees. Jong kunstenaars is genooi om deel te neem aan 'n groot aantal uitdunne in verskeie woonbuurtes - die finaliste neem dan deel aan die finaal op 2 Mei in die Plesiertent op die Piazza. Op 'n soortgelyke wyse, maar baie groter skaal het kykNET se *AFRI-VISIE* (soortgelyk aan die EuroVision Song Competition) ook uitdunne regoor Suid-Afrika gehou vir liedskrywers en sangers. Die Finaal sal in samewerking met die Suidoosterfees in die Grand West Arena gehou word. Voorwaar 'n groot vooruitsig!

Soos in die verlede is die feesprogram uiteenlopend en is daar iets wat binne almal se smaak sal val: toneel, woordkuns, komedie en kabaret, klassieke en populêre musiek, kinderteater en nog vele meer! Ons nooi u graag uit om by ons aan te sluit om hierdie opwindende program te geniet en tegelykertyd vir Afrikaans die geleentheid te bied om eenheid onder ons te bevorder.

**Prof Brian Figaji -** Voorsitter




**Suidoosterfees-kontakbesonderhede**
Telefoon: +27 21 406 2900
E-pos: suidooster@media24.com
Fb: Suidoosterfees
twitter: @suidoosterfees
Webwerf: www.suidoosterfees.co.za

**Straatadres:**
15e Verdieping / Naspers Sentrum / 40 Heerengracht
Kaapstad / 8001

**Posadres:**
Posbus 8005 / Roggebaai / 8012



**Suidoosterfeespersoneel:**
Niël Rademan (Uitvoerende Hoof)
Justin Green (Operasionele Bestuurder)
Monique van der Vent (Feesadministrateur)
Jill Nicholas (Skakelbeampte en bemarker)
Lyndsay Cader (Bemarkingsassistant)
Jason Edson (Funksie-koördineerder)
Justina de Jager (Rekenmeester)

**Suidoosterfees Direksie:**
Prof B Figaji (Voorsitter)
Shirley Levendal (Ondervoorsitter)
Fatima Dike
Anika Ebrahim
Brenda Hansen
Henry Jeffreys
Johann Maarman
Karen Meiring
Nisaar Pangarker
Kean Prinsloo
Heinrich Wyngaard

**Beskermhere & -vroue:**
Ton Vosloo
Anet Pienaar-Vosloo
Phoebe Gerwel

# UH - Suidoosterfees



Welkom by die 12de Suidoosterfees! 'n Kunstekind (verwek deur Jakes Gerwel: die renaissance-man) en nou reeds amper 'n tiener. Voorwaar iets om op trots te wees. Hierdie unieke fees is in die woorde van die die vader van die Afrikaanse kabaret Hennie Aucamp: "Slegs vir almal!" (Kyk ook gerus uit vir die aanbieding van hierdie produksie op die program.) Die Suidoosterfees is trots op sy personeel, al die medewerkers, die getroue donateurs, produksieborge - in die besonder ook die Nasionale Regering se department van Kuns en Kultuur wat vanjaar die eerste maal betrokke is, kykNET wat volle vertroue in ons geplaas het en ook die Suidoosterfees se direksie wat nie skroom om die winde van verandering selfs verder aan te blaas nie.

Met verandering word daar nie na drastiese aanpassings of verskille vanuit die verlede verwys nie, maar eerder na 'n nuwe wind wat hierdie kunsteskip se seile sal laat bol: die Suidooster, wat ons almal sommer lekker deurmekaar kan waai tot een groot inklusiewe groep liefhebbers van kuns en kultuur met 'n fokus op Afrikaans, waai nou regdeur die jaar! Suidoosterfees is trots om reeds in 2014 'n kerskonsert saam met 'n nuwe vennoot, Hugo Lambrechts Musieksentrum in Parow, te kon aanbied. Daar is reeds drie kabaret- en kunsaande (Kabaretmania) by Welgemeend in Kaapstad aangebied. In Februarie tot April word daar gefokus op die SOF Talentsoektog / Talent Search in Athlone, Mitchells Plain, Langa, Brackenfell en Wellington met die finale rondte in die Piazza Plesiertent by die Artscape teaterkompleks.

Om maar enkele opwindende oomblikke op die program uit te wys is moeilik: *Siener in die Suburbs* met onder andere Shaleen Surtie-Richards en Christo Davids, *Santa Gamka* met Marlo Minnaar, 'n Opera; *The Medium* met Elizabeth Frandsen en Amanda Osorio, Winds of Change Klassique met Lynelle Kenned, *Afrikaaps* en ook die grootste Afrikaanse liedjieskryfkompetisie ooit in Suid-Afrika deur kykNET aangebied: *AFRI-VISIE!*

Kom kuier gerus vanjaar tussen 28 April en 3 Mei by die 12de Suidoosterfees en kom kyk hoe die winde van verandering waai!

**Niël Rademan -** Uitvoerende Hoof

# NAAMBORGE

## Die Stad Kaapstad

Die Suidoosterfees is jaarliks 'n baie belangrike gebeurtenis vir Stad Kaapstad. Dit vind plaas in die hartjie van Kaapstad as 'n polsende vertoonvenster van spesifiek Kaapse talent. Die Suidoosterfees het nog nooit teleurgestel in die uiteenlopende vermaak wat dit bied nie, en met die program wat opgestel is, gaan dit beslis weer 'n kunstefees wees waar die ryk diversiteit van ons kunste en kultuur beleef kan word as 'n sielvoedende ervaring sonder grense. Moet dit dus nie misloop nie.

**Patricia de Lille -** Uitvoerende Burgemeester



CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

## Die Burger

Vanjaar vier Die Burger sy eeufees en hiermee betree ons 'n tweede dekade tesame met die Suidoosterfees. Hierdie besonderse fees het, nes Die Burger, al vele metamorfoses ondergaan. Dit is dan ook die rede hoekom die tema, "Winde van verandering", vanjaar uiters gepas is. Soos die geniepsige wind waarvoor die stad so bekend is, druk die fees jaar na jaar sy stempel af, maak hy seker jy voel hom in jou hele wese en kom nie dieselfde aan die anderkant uit nie. Tog, anders as die wind, is daar niks onaangenaam daaraan nie. Dit is tradisioneel, met die jolyt wat met die swierige Suidoosterbal begin; andersyds is dit 'n progressiewe en verruimende fees.



Kyk maar net na vanjaar se program: hierdie tweede dekade wat binnegegaan word, gee nuwe inhoud aan werke soos byvoorbeeld *Siener*, wat nou in 'n geheel ander *suburb* afspeel. Nuwe werk word ook geskep vir die kunskringloop en Die Burger kyk natuurlik terug en vorentoe wanneer ons ons eeufees hier vier met 'n kunsuitstalling gelei deur kurator Sandra Hanekom. Die Burger stap die nuwe eeu graag in saam met die fees en sy wonderlike mense!

**Bun Booyens -** Redakteur, Die Burger

DIE BURGER

# HOOFBORGE

## kyKNET, kykNET & Kie and kykNET MUSIEK

Vanjaar is 'n groot jaar vir kykNET by die Suidoosterfees! Nie net waai die winde van verandering in 'n nuwe aanbiedingsdatum vir die fees nie, kykNET betree ook vir die eerste keer die groot - *Grand West Arena* - met die *Afri-Visie Skryf 'n Treffer kompetisie* - 'n liedjieskryfkompetisie waar die lied in melodie en liriek koningkraai! Geïnspireer deur EuroVision en in samewerking met die Suidoosterfees, word daar gesoek na vars, nuwe, oorspronklike klanke - en natuurlik die volgende groot Afrikaanse treffer!



'n Allemintige R250 000 prysgeld is op die spel vir die 1575 liedjes wat van 411 verskillende liedjieskrywers ontvang is, vanuit die Kaap tot in Kaïro. Die beoordelaars was Pierre Greef, Loyiso Bala en Joe Niemand en hulle was verstom oor die gehalte van die inskrywings. Die program en produksie word deur die sjarmante Nico Panagio aangebied. *AFRI-VISIE* lei ongetwyfeld 'n nuwe opwindende fase in die Afrikaanse musiekbedryf in.

Ons is ook baie opgewonde oor die verskeidenheid films wat ons na die Suidoosterfees kan bring, veral die beste van *Ons Stories* en 'n baie spesiale voorskou van Jans Rautenbach se pragtige verhaal en film oor *Abraham*, wat in Oktober landwyd vrygestel word. Ons sien oudergewoonte uit na 'n op-*wind*-ende teaterprogram in die kykNETteater! Die Suidoosterfees maak ons duidelik bly oor Afrikaans, die kunste en talent. Wat 'n voorreg om deur ons diversiteit in Afrikaans te kan fees vier soos wat dit net by die Suidoosterfees kan gebeur.

**Karen Meiring -** MNET Direkteur Afrikaanse Kanale

kykNET kykNET & Kie musiek

## Nasionale Regering: Departement van Kuns En Kultuur

arts & culture

Department:
Arts and Culture
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**Nathi Mthethwa** - Minister van Kuns en Kultuur

# DISKOERS

## Jakes Gerwel Gesprekke
**ARTSCAPE - ARTS CAFÉ / kykNET isiBAYA**



| | |
|---|---|
| Ondersteun deur | Die Jakes Gerwel Foundation en RSG |
| Sameroeper | Anika Ebrahim |
| Prys | Gratis (Sluit ligte ontbyt in) |
| Werkersdag | Wie werk vir wie? |
| Vrydag 1 Mei | 07:00 – 09:00 |

'n Regstreekse RSG-uitsending (Arts Café)

Besprekings 021 406 2900

## Werkersdag: Wie werk vir wie?

**Vrydag 1 Mei** 07:00 – 09:00
'n Regstreekse RSG-uitsending (Arts Café) **Besprekings** 021 406 2900

Met die geweldige hoë werkloosheidsyfers in Suid-Afrika bied Werkersdag nie werklik vir almal in ons land ewe veel opwinding nie. Die vlakke van armoede, die inkomstegaping en die afhanklikheid van toelae plaas al hoe meer dempers op dié vieringsgeleentheid. Elke burger van Suid-Afrika wat wel deur sy werkersdeelname aan die bou, ontwikkeling en instandhouding van die land deelneem, verdien die nodige erkenning. Diegene wat daarteenoor op hul louere rus en kyk hoe ander vir hulle werk en/of wag dat sogenaamde werk kan ophoop vir na-ure, naweke of vakansiedae sodat hulle oortyd betaal kan word, verdien nié die luukse van Werkersdag nie. Kom luister en neem deel aan hierdie gesprek - saam met 'n paneel van kundiges – en kom vind uit: Wie werk dus eintlik vir wie in hierdie land van melk en heuning.

## Jakes Gerwel: Renaissance-man

**Saterdag 2 Mei** 09:00 – 11:00 **Besprekings** 021 406 2900

Jakes Gerwel was 'n visionêr in die Suid-Afrikaanse kultuurlandskap en het groot spore getrap waarin daar nog daagliks geloop word en waar sy skoene volgestaan moet word deur menige mense. Verering vir hierdie renaissance-man is iets wat hyself nie sou wou hê nie, maar haas onmoontlik om die daaglikste konfrontasie van sy nalatenskap te misken.

"Hy was vir talle mense, spesifiek in die bruingemeenskap, 'n uitstekende rolmodel. Sy leierskap was 'n inspirasie vir duisende in die akademie, eers as Afrikaans-Nederlandse dekaan en later as visekanselier aan die Universiteit van Wes-Kaapland. Hy was die aktivis-professor wat nie geskroom het om sy plek in die voorste linies in te neem teen die onregte en vergrype van apartheid nie. Sy rol in die apartheidstryd was van 'n stil, beheerste, maar gefokuste aard met wye impak. Hy was ook 'n versoener, want dit is waaroor die stryd teen apartheid vir hom gegaan het. Hy het die kabinet van oudpresident Nelson Mandela geanker en 'n onmisbare, dog onbesonge rol gespeel in die vestiging van die nuwe demokratiese regering. Sy rol in die relatief gladde oorgang wat Suid-Afrika uniek in die wêreld gemaak het, kan nooit geringgeskat word nie." Henry Jeffreys.

Kom neem saam met 'n groep van hierdie Renaissance-man se vriende, vennote en kundiges deel aan 'n gesprek oor Gerwel – die visionêr. Waarom was hy die ware Renaissance-man?

## Herdenkingsdae: Feesdag, vakansiedag of braaidag?

**Sondag 3 Mei 09:00 – 11:00 Besprekings 021 406 2900**

As jy na 'n Suid-Afrikaanse dagboek of kalender kyk, sien jy gou raak dat daar 12 openbare vakansiedae opsy gesit is vir die viering of herdenking van belangrike historiese geleenthede, of die erkenning van 'n besondere groep mense. Van hierdie dae is byvoorbeeld Menseregtedag in Maart, Gesinsdag in Maart of April, Werkersdag op 1 Mei, Jeugdag op 16 Junie, Vrouedag op 9 Augustus en Erfenisdag op 24 September. Nou word sekere dae vervorm, hernoem, geannekseer en bloot as vakansiedae gesien. Waarom vier ons fees? Gedenk ons werklik die gebeurtenis of die kwessie wat aangespreek is op die spesifieke geskiedkundige dag of braai ons eerder? Braai ons werklik saam? Of is almal steeds in hulle eie selektiewe gesegregeerde groepe en braai sonder kennis oor ons erfenis in hulle luukse kuierkamers of klein agterplase? Kom luister en neem deel aan hierdie relevante gesprek en lug jou waardige mening!



# Siener in die Suburbs

## ARTSCAPE – kykNET TEATER

| | |
|---|---|
| Produksievenote | US Woordfees, ABSA KKNK, Clover Aardklop |
| Aanvanklik moontlik gemaak deur | Die Dagbreek Trust |
| Teks | P. G. du Plesis |
| Regie | Heinrich Reisenhofer |
| Met | Shaleen Surtie-Richards, Christo Davids, Brendon Daniels, Ivan Abrahams, Crystal-Donna Roberts, Dann-Jaques Mouton, Andrea Frankson |
| Dinsdag 28 April | 19:00-21:00 |
| Vrydag 1 Mei | 10:00-12:00 |
| Saterdag 2 Mei | 18:30-20:30 |
| Sondag 3 Mei | 10:00-12:00 |
| Prys | R120 |



"Ek wil van geweet wees, Ma, ek wil nie vrek soos 'n hond nie, ek wil van geweet wees." So klink die wanhopige kreet van Tiemie die pragtige meisie (soos vertolk deur Crystal-Donna Roberts) in hierdie Hertzogprys-bekroonde drama (1971). *Siener in die Suburbs* speel af teen die agtergrond van maatskaplike verval, maar die fokus bly op die komplekse onderlinge menseverhoudings. "Dis nie ingewikkeld nie, nie hoogdrawend, betogend nie, dis sonder etikette, so inheems soos die skrywer self, dis komies en ontroerend." (Chris Barnard)





## Die Ongelooflike Reis Van Max En Lola

### ARTSCAPE – kykNET TEATER

| | |
|---|---|
| Teks | Vinette Ebrahim en Hugo Taljaard |
| Regie | Hugo Taljaard |
| Met | Vinette Ebrahim (Lola) en Chris van Niekerk (Max) |
| | |
| Donderdag 30 April | 19:00-20:15 |
| Vrydag 1 Mei | 17:00-18:15 |
| Saterdag 2 Mei | 10:00-11:15 |
| Prys | R110 |



Max is 80 wit en gay. Lola is 79, bruin en bekkig. Hulle baldadige vriendskap kom al amer 50 jaar aan vanuit 'n tyd in die geskiedenis toe verhoudings soos hulle s'n verbode was. Dié twee se eiesoortige humor en liefde vir *bioscope* was 'n leeftyd lank hulle ontvlugting van die samelewing se vooroordele. Hulle lewens was 'n reis van sorgeloosheid en liefde. Maar nou het oudword hulle bekruip.

## Santa Gamka FUGARD STUDIO

| | |
|---|---|
| Produksievennoot | ABSA KKNK |
| | |
| Teks | Eben Venter |
| Verwerk deur | Marlo Minaar |
| Regie | Jaco Bouwer |
| Met | Marlo Minnaar (Lucky) |
| | |
| Woensdag 29 April | 19:30-20:30 |
| Donderdag 30 April | 19:30-20:30 |
| Saterdag 2 Mei | 14:00-15:00 |
| Sondag 3 Mei | 15:00-16:00 |
| Prys | R90 |



Die Karoo het te warm geword vir Lucky Marais. Nóg sy gevatheid, nóg sy lekker lyf gaan hom red. Hierdie boorling van Santa Gamka se geluk is uitgedien. Hy't hom lelik misgis met die vermeende vryhede wat hom in 'n nuwe Suid-Afrika beskore is. Die dorp het teen hom gedraai. Hy het hom in sy wit leuens verstrik. Net sewe minute en alles is verby. Dat opsluiting in 'n pottebakkersoond nou sy laaste aardse avontuur moes wees! Vanuit die helleput van hierdie pottebakkersoond neem Lucky sy kort, maar gebeurlike lewe in oënskou.

# Adam Small: Klawerjas

**FUGARD STUDIO** **PREMIÉRE**

| | |
|---|---|
| Teks | Adam Small |
| Regie | Royston Stoffels |
| Met | Royston Stoffels, June van Merch, Ivan Abrahams |
| Saterdag 2 Mei | 16:30-17:30 |
| Prys | R100 |



Na 'n stilte van 40 jaar het Adam Small se eerste Afrikaanse digbundel, *Klawerjas,* die lig gesien. Hierdie besonderse werk bevat gedigte oor gewone mense en is geskryf vir gewone mense. Die eerlike en menslike Adam Small is hier aan die woord. Kom beleef die gedigte van hierdie formidabele digter soos uitgevoer in woord en klank deur veteraan akteurs June van Merch, Royston Stoffels en Ivan Abrahams.

# Sonneblom **FUGARD STUDIO**

| | |
|---|---|
| Teks | Christo Davids |
| Regie | Christo Davids |
| Met | Jody Abrahams en Wayne van Rooyen |
| Vrydag 1 Mei | 19:30-21:00 |
| Saterdag 2 Mei | 10:30-12:00 |
| | 19:00-20:30 |
| Sondag 3 Mei | 12:00-13:30 |
| Prys | R90 |



*Sonneblom* is 'n tragi-komedie wat handel oor die verhouding tussen twee broers; Theo en die geestelik-versteurde Vincent van Gogh. Hierdie universele storie sal vatplek kry in ons almal se lewens. Die dag toe Vincent by Theo intrek, het altwee se lewens onherroeplik verander. Dit is 'n lag-saam, huil-saam verhaal wat na die tyd by jou sal spook. Die rolle word vertolk deur die veel-bekroonde akteurs Jody Abrahams en Wayne van Rooyen.

## Feeskatte ARTSCAPE – kykNET TEATER

| | |
|---|---|
| Teks | Christiaan Olwagen en Martelize Kolver |
| Regie | Christiaan Olwagen |
| Met | Elsabé Daneel, Susanne Beyers en Joanie Combrink |
| Sondag 3 Mei | 13:30-15:00 |
| Prys | R120 |



Wat is 'n kunstefees sonder feeskatte wat vir 20 produksies kaartjies bespreek het; met eenderse T-hemde en groot hoede met veredosse? Hulle loer orals in en gesels met almal. Hulle wil die beroemdes ontmoet! Hulle loer en gaan in waar hulle nie mag nie. 'n Kleedkamerdeur klap toe! Pandorapoppe dans. Die feeskatte het geen wegkomkans van hul botsende mantras nie. Is nege lewens genoeg om hulle op hul pootjies te laat land?

## Eden / Wynland Dramafees ARTSCAPE ARENA

| | |
|---|---|
| Vrydag 1 Mei | 12:00 – 13:00<br>15:00 – 18:00 |
| Prys | Gratis |
| Sondag 3 Mei<br>Finaal (wendrama) | 14:30 – 15:30 |
| Prys | R40 |

Die Eden / Wynland Dramafees gee aan plaaslike jong kunstenaars die geleentheid om hul talent op die verhoog ten toon te stel. Die doel van dié dramafees is om nuwe en oorspronklike stories met gehore te deel en om gemeenskapsteater soos 'n vars wind van verandering deur die toneel-landskap van die Wes-Kaap te laat waai.

Wes-Kaapse Regering
BETER TESAME



# KOMEDIE, KABARET EN REVUE

## Chester Missing Live
### ARTSCAPE - kykNet TEATER



| | |
|---|---|
| Teks | Conrad Koch |
| Regie | Conrad Koch |
| Met | Conrad Koch en Chester Missing |
| Saterdag 2 Mei | 12:30-13:30<br>22:00-23:00 |
| Prys | R110 |

Chester Missing is angry and he wants to tell you about it. The award winning satirical puppet and star of the double EMMY nominated TV comedy news show *Late Nite News*, has an opinion on everything from Crocs to Zimbabwe and is touring the country with his ventriloquist sidekick, Conrad Koch. Conrad is still forcing Chester to live in a suitcase, which is never a good way to make friends. Chester is planning an evening of hard hitting political satire; Conrad is planning to not get sued.

## Vocal Mania
### GARDEN COURT THEATRE



| | |
|---|---|
| Teks | Loukmaan Adams |
| Regie | Loukmaan Adams en Kim Cloete |
| Met | Terry Fortune, Waseef Piekaan, Monox Adams, Carlo Daniels, Jack Makhaya, Robin P, Loukmaan Adams |
| Woensdag 29 April | 19:00 - 20:00 |
| Donderdag 30 April | 19:00 - 20:00 |
| Vrydag 1 Mei | 19:00 - 20:00 |
| Saterdag 2 Mei | 19:00 - 20:00 |
| Sondag 3 Mei | 19:00 - 20:00 |
| Prys | R100 |

*Vocal Mania* maak spesiaal deel uit van die Suidoosterfees se tema: *Winde van verandering,* om gehore dié jaar oor die volle spektrum te vermaak. Hierdie revue met sterk oomblikke van kabaret is saamgestel uit liedere wat strek oor vyf dekades. Daar is ook beeldskone *a capella* oomblike in die produksie wat gekombineer word met ritmiese en vokale harmonieë wat jou tone sal laat krul. Kom beleef legendes soos die geliefde Terry Fortune terwyl hy die verhoog deel met jonger sterre in eie reg.

# Slegs vir almal – Kabaret
## ARTSCAPE ARENA

| | |
|---|---|
| Teks | Hennie Aucamp |
| Regie | Lindi-Heila Smit |
| Choreograaf | Tyrone Zoutman |
| Musiek deur | Gertjie Besselsen |
| Begeleiding deur | Mr Cat & The Jackal. |
| Met | Eerste jaar en tweede jaar studente van Northlink Kollege |



| | |
|---|---|
| Donderdag 30 April | 18:30-19:30 |
| Saterdag 2 Mei | 19:30-20:30 |
| Sondag 3 Mei | 17:30-18:30 |
| Prys | R80 |

*Slegs vir almal* is 'n kabaret in die ware sin van die woord. Hennie Aucamp druk homself, in die lig van die Suid-Afrikaanse omstandighede van die tyd, uit. Hy lewer vlymskerp kommentaar oor oorlog, seksuele emansipasie, sensuur en die probleme van "ongelukskinders" soos gays, vroue, mense van kleur, kleurvolle mense, mense sonder kleur, die armes, bejaardes en ook alle sogenaamde randfigure. In hierdie moderne weergawe word eeue oue kwessies opgediep en afgestof. Dit is 'n bewys dat Aucamp nooit sy rakleeftyd sal oorskry nie. Hierdie kabaret is werklik: Slegs vir almal!

# Afrikaaps ARTSCAPE - kykNet TEATER



| | |
|---|---|
| Teks | Kyle Shepherd en Afrikaaps rolverdeling |
| Regie | Catherine Henegan |
| Met | Kyle Shepherd, Emile YX?, Blaq Pearl, Bliksemstraal, Moenier Adams, Jethro Louw |
| Musiek verskaf deur | Claude Cozens en Gershwin Koen |



| | |
|---|---|
| Vrydag 1 Mei | 13:30-15:00 |
| Prys | R110 |

'n Hip-hop-era-teaterproduksie wat die wortels van die Afrikaanse taal terug na die slawe en inheemse mense van die Kaap naspoor. Teen die agtergrond van videobeelde met uittreksels uit die bekroonde dokumentêre film van Dylan Valley met (wyle) dr. Neville Alexander, verteenwoordig die groep Die Argitekbekke, 'n eklektiese samevoeging van musiekgenres. In ware hip-hop-styl gebruik hierdie musiekteaterstuk: klets, skets, ritmes en rym om deur tyd te reis met verwysing na die veelvuldigheid van tradisionele Kaapse style soos Ghoema en Kaapse Klopse. Kom kyk hoe die winde van verandering in ons mooi land gewaai het vanaf die dae toe Khoi-San koning gekraai het tot en met vandag. Moenie hierdie trefferproduksie misloop nie.

# Finding Emo
## BAXTER KONSERTSAAL

| | |
|---|---|
| Teks | Emo Adams |
| Regie | Basil Appollis |
| Musiek | Take Note Band |
| Met | Emo Adams |
| | |
| Vrydag 1 Mei | 20:00 – 21:00 |
| Saterdag 2 Mei | 20:00 – 21:00 |
| Prys | R110 |



*FINDING EMO* word beskryf as die "Show van die jaar" deur baie publikasies: dit is beslis iets vir elke persoon.

*"Bles Bridges, Sonja Herholdt, Gé Korsten, Tom Jones, Elvis Presley en Michael Jackson is nie in die show nie, maar jy sal dink hulle is. Jy gaan lag en huil en dan weer lag – jou binnegoed sal ten minste een maal in jou maag omdraai – soos in 'n ware cabarevue!"* vertel, Emo Adams. Hy vertel die storie oor sy reis van "gangster to glory" en hoe hy homself gevind het deur musiek. Jy gaan skaterlag, Kleenex-oomblikke hê en beslis trots Suid-Afrikaans voel wanneer jy die produksie klaar gesien het. Kom dans saam, lag en geniet die fantastiese musiek!



# KLASSIEKE MUSIEK

## The Medium ARTSCAPE kykNet TEATER

**In Collaboration With Arts Africa**

| | |
|---|---|
| **Composer** | **Gian Carlo Menotti** |
| **Diretor** | **Matthew Wild** |
| **Conductor** | **Alexander Fokkens** |

**With Elizabeth Frandsen (mezzo soprano), Amanda Osorio (soprano), Riaan Hunter (baritone), Nomsa Mpofu (soprano), Monika Voisey (soprano), Roelof Storm (actor)**

| | |
|---|---|
| **Wednesday 29 April** | **19:00-20:30** |
| **Friday 1 May** | **20:30-22:00** |
| **Saterday 2 May** | **15:00-16:00** |
| **Price** | **R150** |





Menotti's *The Medium* is a dark and highly theatrical chamber opera. Highly acclaimed director Matthew Wild brings this melodramatic tale to life while Alex Fokkens conducts. Madame Flora (Elizabeth Frandsen) is the drunken spiritualist who uses her daughter, Monica (Amanda Osorio) and a homeless deaf-mute, Toby, to convince clients they are communicating with the dead. Madam Flora's game soon turns deadly when she feels ghosts choking her. She becomes paranoid and loses control. With the dramatic feel of a gothic short story, an orchestra part influenced by jazz, and accessible format (1 hour) it will appeal to a large audience.

*The Medium* production photos are taken by Photographer Jesse Kramer.







# Odeion Strykkwartet met Zanne Stapelberg

## ARTSCAPE ARENA

PREMIÉRE

**Teks: Hendrik Hofmeyr, Peter Louis Van Dijk, Pieter de Villiers**
**Met Odeion Strykkwartet: Samson Diamond, Sharon de Kock, Jeanne-Louise Moolman, Anmeri van der Westhuizen en Zanne Stapelberg (sopraan)**

| | |
|---|---|
| Woensdag 29 April | 18:30-19:30 |
| Vrydag 1 Mei | 19:00-20:00 |
| Sondag 3 Mei | 12:00-13:00 |
| Prys | R110 |



Dié 2014 Kanna-wenners bring hulde aan Suid-Afrikaanse Komponiste met die eerste uitvoering van Hendrik Hofmeyr se nuwe weergawe van *Death of Cleopatra* vir stem en strykkwartet. Die ander komponiste wat gehuldig word is Peter Louis van Dijk met *Iinyembezi* en Pieter de Villiers se *Verlate Tuin*. Die gevierde sopraan Zanne Stapelberg tree as vertolker van die liedere op.

# Winds of Change Klassique

BRIMSTONE
INVESTMENT CORPORATION LIMITED

## CITY HALL

PREMIÉRE

**Conductor** Brandon Phillips
**With Cape Philharmonic Youth Orchestra and Lynelle Kenned (soprano)**

| | |
|---|---|
| Thursday 30 April | 20:00 – 21:00 |
| Price | R120 |



The concert *Winds of Change Klassique* explores the repertoire of classical music for wind instruments. Composers over the ages have composed fantastic solo works for wind instruments which have become well known. Experience the sweet sounds of the flute, the beauty of Mozart's Clarinet Concerto, as well as an array of wind instruments in Suppé's Light Cavalry Overture. The concert features the musical talents of the Cape Philharmonic Youth Orchestra under the baton of renowned local conductor Brandon Phillips. Hear some of the best young musicians Cape Town has to offer – a breath of fresh air in the city's classical music scene.

# Son op Sondag Koorgala

## ARTSCAPE kykNet TEATER

PREMIÉRE

Moontlik gemaak deur Son op Sondag
Musiek Regie Camillo Lombard
Met Gaskunstenaar Louis Loock (tenoor) en gospelsanger Rouchelle Liedemann

Sondag 3 Mei 19:30-20:30
Prys R90



Hierdie spesiale aanbieding o.l.v. Camillo Lombard is 'n vars Suidoostewind wat reeds van 2014 waai by die fees om vir die wenkore van die Rapport / ATKV Koorkompetisie 'n professionele platform te skep. Die tenoor Louis Loock en die liefling van die gospelverhoog Rouchelle Liedemann deel die kollig met die kore by hierdie jaar se afsluitingskonsert.



## Fin op sy Eiland
### ARTSCAPE ARENA

DISTELL FOUNDATION

In samewerking met Northlink Kollege

| | |
|---|---|
| Teks | Lindi-Heila Smit |
| Regie | Lindi-Heila Smit |

De Klerk Oelofse en finale jaar Dramastudente van Northlink Kollege

| | |
|---|---|
| Saterdag 2 Mei | 11:30-12:15 |
| | 16:30-17:15 |
| Prys | R50 |




Die mooi storie van Fin, 'n ongewone seun op sy vreemde eiland in die water waar die wind nooit waai nie, op 'n plek vêr-vêr van hier. Fin weet alles van die see! Hy weet van rooigety en springgety, knope maak en lyn natmaak, maar vir sonbrand en mengeldrankies is daar geen tyd op hierdie eiland nie. Saam met sy vriende, Herman, Rahamodeen Moody, Dop die Seeskilpad en Tes die Vuurvlieg, beskerm Fin die eiland teen al die nare gevare. Met musiek deur Gertjie Besselsen en Jacques Plessis.

## Zip Zap Circus
### ZIP ZAP CIRCUS TENT

| | |
|---|---|
| Saturday 2 May | 12:00-13:00 |
| | 15:00-16:00 |
| Price | R70 |





Zip Zap was founded in Cape Town in 1992 and is recognized all over the world. It is a major contributor to the development within the iconic Mother City and providing sustainability of the circus arts in South Africa.

Zip Zap operates predominantly within the Western Cape. However as the annual calendar of events varies from year to year, Zip Zap periodically tours internationally and nationally presenting performances and this year for the first time wil be part of the Suidoosterfees as a fresh and new wind of change blowing through the alleys and the grounds in and around the Artcape Theatre Centre. Come and join the Circus! And if you really want to: Run away with us!



Photograper of Zip Zap Circus - Irene McCullagh Photographer

# PIAZZA PLESIER





## SOF Talentsoektog / Talent Search
### PIAZZA PLESIERTENT

**Hierdie projek word deur Musikhaus W. Heuer ondersteun.**

| | |
|---|---|
| **Met** | **Beoordelaars Stuart Taylor en Jawaahier Pietersen** |
| **Saterdag 2 Mei** | **09:00 – 10:30**<br>**14:00 – 17:00** |
| **Prys** | **Gratis** |

Die Suidoosterfees het vanjaar vir die eerste maal 'n Talentsoektog regoor die groter Kaapse metropool met groot welslae geloods! Kandidate met uiteenlopende talente – wat wissel vanaf vioolspel tot kletsrym is tussen die ouderdomme 15 - 30 geïdentifiseer. Die kategorieë is: sang, intrumentaal, dans, toneelspel, towerkuns en ander. Groot pryse is op die spel! Moenie hierdie skouspel van plaaslike talent misloop nie.

## Lewendige musiek en optredes
### PIAZZA PLESIERTENT

| | | |
|---|---|---|
| **2 Mei** | **10:00** | **Mayoral Market** |
| | **16:00 – 17:00** | **Saksofoon ensemble (Hugo Lambrechts)** |
| | **17:00 – 18:00** | **Botrivier Marimbagroep** |
| | **18:00 – 19:00** | **Trekklavier – Stanislav Angelov** |
| | **19:00 – 20:00** | **Marimba Ensemble** |
| | **20:30 – 21:30** | **Klavier en Sang (Arts Café) Grethe van der Merwe** |
| **Prys** | **Gratis** | |







# Rapport / ATKV Koorkompetisie

## PIAZZA PLESIERTENT

**Sameroeper en aanbieder: René Arendse**

| | |
|---|---|
| **Sondag 3 Mei** | **08:00 – 09:00 (Sanggroepe)** |
| | **09:30 – 11:00 (Dameskore)** |
| | **11:00 – 12:30 (Mannekore)** |
| | **12:30 – 14:00 (Jeugkore)** |
| | **14:00 – 15:30 (Gemengde kore)** |
| | **15:30 – 17:00 (Plaaskore)** |
| **Prys** | **Gratis** |

*Sameroeper en aanbieder: René Arendse*

Die Rapport / ATKV Koorkompetisie is geskep vir plaaslike gemeenskapskore in die Wes-Kaap om hul talent ten toon te stel. Hierdie kore is van oraloor, onder andere die Karoo, Swartland, Boland-streek en die Kaapse Vlaktes. Dit is gemik op die ontwikkeling van koormusiek en veral vir diegene wat nie altyd toegang het tot professionele koorleiding en sang nie. Slypskole en seminare is aangebied om die kore voor te berei vir die allerbelangrike kompetisie. Dit het aan al hierdie gemengde kore, sanggroepe, dameskore, mannekore, jeugkore en plaaskore die geleentheid gebied om opleidingsessies by te woon by kundiges. Nou sien ons daarna uit om te hoor hoe die winde van verandering in die klanke van hierdie kore rondwaai in die taai stryd om vanjaar te sien wie as die wenners uit die stryd gaan tree. Die beoordelaars vir hierdie gesogte kompetisie is vanjaar: Lizl Gaffley, Johan de Villiers en Phumi Tsewu.



Rapport ons praat jou taal

ATKV

# RSG OP DIE PIAZZA!







*Kom kuier saam met RSG* die 2de Mei 2015 op die Kunstekaap Teaterkompleks se piazza by die Suidoosterfees – waar die winde van verandering waai – en wees deel van 'n dag vol heerlike vermaak. 'n Verskeidenheid van sangers sal optree by die RSG verhoog vanaf 18:00. Kom ontmoet jou geliefde radiopersoonlikhede! RSG bied ook twee Radiodrama Slypskole aan en is oop vir die publiek. Al RSG se aanbiedings is gratis. So geen verskoning, sien jou by die Suidoosterfees 2015!

**Vrydag, 1 Mei 2015**

Jakes Gerwel Gesprekke: Werkersdag; wie werk vir wie? / Vrydag 1 Mei 2015
07:00 – 09:00
/ RSG Regstreekse uitsending met Lynette Francis vanaf die Arts Café /
Kunstekaap / Gratis /

**Vrydag, 1 Mei 2015**

RSG Radiodrama Slypskool (Artscape Kamer 551) / Vrydag 1 Mei 2015
12:30 – 14:00 / 15:00 – 16:30
Aanbieder: Johan Rademan

**Saterdag, 2 Mei 2015**

Feesgees: RSG (Piazza Plesiertent) / Saterdag 2 Mei 2015
18:00 – 20:00
Regstreekse uitsending met 'n verskeidenheid van sangers op die RSG verhoog.
19:00-20:00
Aanbieder: Fritz Klaaste

RSG 100-104 fm
DIS DIE EEN

# Line Dancing
## PIAZZA PLESIERTENT

**Convenor** Laura Seifart

**Saturday 2 May** 11:00-13:00
**Price** FREE

Imagine yourself: a flash mob, dancers aged 13 to 70 years. This type of country and western dancing in which dancers line up in a row without partners and follow a choreographed pattern of steps to music makes a debut at the Suidoosterfees this year. This is spectacle. It is fun. And it is for all!



# KUNS, KOS EN KULTUUR

## Die Burger 100-jaar Kunsuitstalling

**OPENING ARTSCAPE MARBLE FOYER**

**Moontlik gemaak deur Die Burger**
**Kurator: Sandra Hanekom**
**Kunstenaars o.a Tyrone Appollis, Hanneke Benade, Willie Bester, Clare Menck, Theo Kleynhans, Conrad Theys, Lucas Thobejani, Strijdom van der Merwe, Shany van der Merwe, Theo-Paul Vorster, Ingrid Winterbach, Pierre van der Meulen**

| | |
|---|---|
| **Gassprekers** | **Bun Booyens, Brian Figaji** |
| **Dinsdag 28 April** | **17:30 – 18:30** |

Hierdie formidabele uitstalling met meer as 40 van die top kunstenaars in Suid-Afrika gee 'n oorsig van die temas en gebeure wat oor die afgelope 100 jaar bestaan van Die Burger gedek is. Onder die bekwame kuratorskap van Sandra Hanekom beloof hierdie inisiatief nie net om 'n vars bries deur die Kunstekaap Teaterkompleks te laat waai nie, maar koppe te laat draai van verstommenis. Voorwaar een van die mees merkwaardige massa-uitstallings in die Suid-Afrikaanse geskiedenis.

## SHINE op Overberg Kunsuitstalling

**OPENING ARTSCAPE MARBLE FOYER**

| | |
|---|---|
| **Kunstenaar** | **Isabel Pinto** |
| **Kurator** | **Anet-Pienaar Vosloo** |
| **Gasspreker** | **Michelle van Breda** |
| **Woensdag 29 April** | **17:00 – 18:00** |




Isabel Pinto is 'n wêreldbekende fotograaf wat op die beeldskone landskap en mooi mense van die Overberg verlief geraak het. Pinto, oorspronklik van Maputo, is na baie jare deur die winde van verandering uit Portugal teruggewaai na Afrika waar sy sê: "haar wortels diep gesetel lê." Hierdie spesiale reeks foto's van appelplukkers en proteaboere gee 'n intieme kykie in die leefwêreld van dié hardwerkende mense in die Villiersdorp-omgewing. Die projek is in samewerking met SHINE, 'n opheffingsorganisasie o.l.v Izel Botha en gee eer aan die lede van SHINE.

## SOF / Welgemeend Kos & Wynhuis

**Hierdie eetervaring word onderstreun deur DISTELL Stigting.**

| | |
|---|---|
| Saterdag 2 Mei | 17:30 – 18:30 / 20:30 – 21:30 Grethe van der Merwe (klavier en sang) |
| Sondag 3 Mei | 12:30 – 14:00 Kurt Haupt (klavier en sang) |
| Prys | R300 |





'n Nuwe toevoeging tot die Suidoosterfees is die SOF / Welgemeend Kos & Wynhuis in Welgemeendstraat (Kaapstad) by Hoërskool Jan van Riebeeck. Hier kan jy in ou-wêreldse sjarme aansit vir 'n smullekker ete die Saterdag en Sondag; luister watter wyne en kos mekaar komplimenteer, die beeldskone Boerneef-kunsversameling besigtig en luister na die strelende klanke van Grethe van der Merwe en Kurt Haupt. Voorwaar 'n unieke geleentheid om die ou-Kaap in volle glans en glorie te ervaar.

Bespreek by Welgemeend: 021 422 2601



Foto: Cloete Breytenbach



## Bo-Kaap Meander

| | |
|---|---|
| Saterdag 2 Mei | 10:00 – 12:00 |
| | 11:00 – 13:00 |
| | 12:00 – 14:00 |
| | 13:00 – 15:00 |
| | 14:00 – 16:00 |
| | 15:00 – 17:00 |
| Sondag 3 Mei | 10:00 – 12:00 |
| | 11:00 – 13:00 |
| | 12:00 – 14:00 |
| | 13:00 – 15:00 |
| | 14:00 – 16:00 |
| | 15:00 – 17:00 |
| Prys | R280 |

Die Bo-Kaap is 'n kulturele juweel in die kroon van Kaapstad. 'n Bekende gesegde in die Bo-Kaap is: "die kombys is die hart van die hys." Dit is hier waar die probleme opgelos word, stories vertel en resepte beproef, getoets en vervolmaak word. Vanjaar vir die derde keer, neem die *Bo-Kaap Meander* jou op 'n 2-uur lange kos en kultuurtoer en verwelkom feesgangers in die huise van die Kaapse Maleiers wat vir meer as 300 jaar steeds hul kulturele geskiedenis, daaglikse tradisies, kos, kuns, kultuur en gesinslewe respekteer. Die *Bo-Kaap Meander* bied feesgangers kulturele kleur, smaak, reuk en tekstuur wat uniek is aan Kaap-Maleise kookkuns. Kom laat toe dat die Suidoosterwind jou deur die strate van beeldskone Bo-Kaap laat dwarrel.

Vertrekpunt met bussies vanaf D.F Malan straat reg voor die Artscape Teatersentrum.

# AFRI-VISIE

Afri-Visie Skryf 'n Treffer kompetisie het sy Top 26 liedjies in die kykNET musiekkompetisie, aan die einde van Maart bekend gemaak. Gedurende April word die liedere op die radio, televisie en sosiale platforms gespeel; waar die publiek dan vir hul gunsteling kan stem. Dit is 'n liedjieskryfkompetisie waar die liedjie self koning kraai en die sanger die mondstuk is. *AFRI-VISIE* is die grootste nasionale kompetisie vir nuwe Afrikaanse musiek! Geïnspireer deur EuroVision, word daar gesoek na vars, nuwe, oorspronklike klanke - en natuurlik die volgende groot treffer in Afrikaans!

## Son **3 Mei 16:30**

| Grand West **Casino** | **R110** | **120**min |
|---|---|---|

kykNET musiek
kykNET
kykNET &kie
GrandWest
CASINO AND ENTERTAINMENT WORLD

# FILMFEES


## kykNET Films
### ARTSCAPE - kykNET isiBAYA TEATER — GRATIS

| Film | Beskrywing |
|---|---|
| **1. Die Voorspelling**<br>**Rolverdeling: Solomon Cupido, Duncan Johnson, Simon Bruinders, Merlin Balie**<br>**Regie** Valente Bosch<br>**Saterdag 2 Mei** 13:30 – 15:00 | Wanneer Samuel terugkeer van 'n werksopdrag in Irak is hy nie dieselfde nie. Hy verloor die gebruik van sy bene en die pad vorentoe lyk maar donker. |
| **2. 'n Hondelewe**<br>**Rolverdeling: Theresa Sedras, Handre Froneman, Chantal Stanfield, Weslee Lauder**<br>**Regie** Francois Coetzee<br>**Saterdag 2 Mei** 16:30 – 18:00 | Auntie Petronella se klein brakkie is die enigste ding wat nog sin aan haar lewe gee. 'n Skaap word deur 'n rondloperhond doodgebyt en die owerheid besluit om al die honde in die lokasie te skiet. |
| **3. Hospitaal op Horings**<br>**Rolverdeling: Alfred Adriaan, Vanessa Swartz, Shemane Harris, Welile Nzuza**<br>**Regie** Johan Baird<br>**Saterdag 2 Mei** 19:30 – 20:30 | Matjoppie besig om allerhande deals te maak. 'n Motorongeluk veroorsaak dat hy, sy vriend en die bestuurder in die hospitaal beland. Die lêers word omgeruil en 'n verkeerde man been gaan afgesit word eerder as sy eie... |
| **4. As ek huis toe kom**<br>**Rolverdeling: Melnisha Arnolds, Jill Levenberg, Cedwin Joel, Shamilla Miller**<br>**Regie** Travis Taute<br>**Sondag 3 Mei** 13:00 – 14:30 | Die 14-jarige Haddie Samuels hou van skryf maar niemand in haar familie gee regtig om nie: ons sien hoe die dood van 'n geliefde oupa verdeeldheid, maar ook versoening en hoop kan bring in hierdie kind se lewe. |
| **5. Aalwyntyd**<br>**Rolverdeling: Christopher Jaftha, Reine Swartz, June van Merch, Danie van Rensburg**<br>**Regie** Johan Baird<br>**Sondag 3 Mei** 15:30 – 17:00 | 'n Pragtige verhaal van twee mense wat oor die kleurgrens verlief geraak het in 'n tyd toe dit teen die wet was. |
| **6. Rose vir Rosie**<br>**Rolverdeling: Wayne van Rooyen, Carmin Coetzer, Michelle Pienaar, Jana Strydom**<br>**Regie** Danie van Rensburg<br>**Sondag 3 Mei** 18:00 – 19:30 | Louise Giliomee is 'n uitgewer van biografieë en nie-fiksie. Sedert sy die slagoffer van 'n kaping was, werk sy ook liefs van die huis af. Rosie Doorsen is 'n komplekse karakter: sy word tuis mishandel en skuil agter 'n komies-robuuste masker. Hoewel wêrelde verwyder vind hul mekaar omdat albei slagoffers van geweld is. 'n Vriendskap met tragiese gevolge. |

# kykNET film – Abraham
## ARTSCAPE - kykNET TEATER

**Sondag 3 Mei** **16:30 – 18: 00**
**Prys** **R30**

Jans Rautenbach se *Abraham* vertel die storie van ’n beeldhouer van Vlakteplaas naby Oulap; Rautenbach se blyplek. Die hoofkarakter, ’n beeldhouer, probeer ’n jong Rautenbach beïndruk met sy kuns, met verreikende gevolge. Rautenbach se eerste film in meer as 30 jaar is sy mees persoonlike film: ’n uiters sensitiewe en roerende blik op mense aan die rand van die samelewing, die krag van die kreatiewe proses, die versugting om gehoor te word en menslike verhoudinge in al hul skakerings. Dit is ’n liriese blik op die drome van die kunstenaar te midde van ’n ongenaakbare werklikheid. Kom kyk ’n meesterlike film deur die Afrikaanse silwerdoek-koning; Jans Rautenbach. Met onder andere Dann-Jacques Mouton, Hannes Muller en Franci Swanepoel.









# DAGPROGRAM

## DAG 1: DINSDAG 28 APRIL

17:30-18:30 Die Burger 100 jaar uitstalling Opening, Artscape Marble Foyer, Gratis
19:00-21:00 Siener in die Suburbs, kykNet Teater, R120

## DAG 2: WOENSDAG 29 APRIL

17:00-18:00 SHINE op Overberg uitstalling Opening, Artscape Marble Foyer Ext, Gratis
18:30-19:30 Odeion Strykkwartet en Zanne Stapelberg, Artscape Arena, R110
19:00-20:00 Vocal Mania, Garden Court Theatre, R100
19:00-20:30 The Medium, kykNet Teater, R150
19:30-20:30 Santa Gamka, Fugard Studio, R90

## DAG 3: DONDERDAG 30 APRIL

18:30-19:30 Slegs vir almal, Artscape Arena, R80
19:00-20:00 Vocal Mania, Garden Court Theatre, R100
19:00-20:15 Die Ongelooflike reis van Max en Lola, kykNet Teater, R110
19:30-20:30 Santa Gamka, Fugard Studio, R90
20:00-21:00 Winds of Change Klassique, (RSG Direkte Uitsending) Kaapstad Stadsaal, R120

## DAG 4: VRYDAG 1 MEI

07:00-09:00 Jakes Gerwel Gesprekke: Werkersdag, Wie werk vir Wie? (RSG Direkte Uitsending) kykNet Isibaya, Gratis
10:00-12:00 Siener in die Suburbs, kykNet Teater, R120
12:00-13:00 Eden / Wynland Dramafees (1), Artscape Arena, Gratis
12:30-14:00 RSG Slypskool, Artscape, Kamer 551, Gratis
13:30-15:00 Afrikaaps, kykNet Teater, R110
15:00-16:30 RSG Slypskool, Artscape, Kamer 551, Gratis
15:00-18:00 Eden / Wynland dramafees (2+3+4), Artscape Arena, Gratis
17:00-18:15 Die Ongelooflike reis van Max en Lola, kykNet Teater, R110
19:00-20:00 Odeion Strykkwartet en Zanne Stapelberg, Artscape Arena, R110
19:00-20:00 Vocal Mania, Garden Court Theatre, R100
19:30-21:00 Sonneblom, Fugard Studio, R90
20:00-21:00 Finding Emo, Baxter Konsertsaal, R110
20:30-22:00 The Medium, kykNet Teater, R150

## DAG 5: SATERDAG 2 MEI

09:00-10:30 Suidoosterfees Talentsoektog, Artscape Piazza Plesiertent, Gratis
09:00-11:00 Jakes Gerwel Gesprekke: Jakes Gerwel: Renaissance-man, kykNet isiBaya, Gratis
10:00-11:15 Die Ongelooflike reis van Max en Lola, kykNet Teater, R110
10:00-12:00 BO-KAAP Meander, R280
10:30-12:00 Sonneblom, Fugard Studio, R90
11:00-13:00 BO-KAAP Meander, R280
11:00-13:00 Line Dancing, Artscape Piazza Plesiertent, Gratis
11:30-12:15 Fin op sy eiland, Artscape Arena, R50
12:00-14:00 BO-KAAP Meander, R280
12:30-13:30 Conrad Koch en Chester Missing, kykNet Teater, R110
13:00-15:00 BO-KAAP Meander, R280
13:30-15:00 kykNet Films – Ons Stories, kykNet isiBaya, Gratis

14:00-15:00 Santa Gamka, Fugard Studio, R90
14:00-16:00 BO-KAAP Meander, R280
14:00-17:00 Suidoosterfees Talentsoektog, Artscape Piazza Plesiertent, Gratis
15:00-16:30 The Medium, kykNet Teater, R150
15:00-17:00 BO-KAAP Meander, R280
16:30-17:15 Fin op sy eiland, Artscape Arena, R50
16:30-17:30 Adam Small, Klawerjas, Fugard Studio, R100
16:30-18:00 kykNet Films – Ons Stories, kykNet isiBaya, Gratis
18:00-20:00 SOF / Welgemeend Kos en Wynhuis, Welgemeend, H/S Jan van Riebeeck, R300
18:00-23:00 Feesgees met RSG, Artscape Piazza Plesiertent
18:30-20:30 Siener in die Suburbs, kykNet Teater, R120
19:00-20:00 Vocal Mania, Garden Court Theatre, R100
19:00-20:30 kykNet film – Ons Stories, kykNet isiBaya, Gratis
19:30-20:30 Slegs vir Almal, Artscape Arena, R80
20:00-21:00 Finding Emo, Baxter Konsertsaal, R110
22:00-23:00 Conrad Koch en Chester Missing, kykNet Teater, R110

## DAG 6: SONDAG 3 MEI

08:00-09:30 RAPPORT / ATKV Koorkompetisie – Sanggroepe, Artscape Piazza Plesiertent, Gratis
09:00-11:00 Jakes Gerwel Gesprekke: Herdenkingsdae – Feesdag, Vakansiedag of Braaidag?
09:30-11:00 RAPPORT / ATKV Koorkompetisie – Dameskore, Artscape Piazza Plesiertent,
10:00-12:00 Siener in die Suburbs, kykNet Teater R120
10:00-12:00 BO-KAAP Meander, R280
11:00-12:30 RAPPORT / ATKV Koorkompetisie – Mannekore, Artscape Piazza Plesiertent,
11:00-13:00 BO-KAAP Meander, R280
12:00-13:00 Odeion Strykkwartet en Zanne Stapelberg, Artscape Arena, R110
12:00-13:30 Sonneblom, Fugard Studio, R90
12:00-14:00 BO-KAAP Meander, R280
12:00-14:00 SOF / Welgemeend Kos en Wynhuis, Welgemeend, H/S Jan van Riebeeck, R300
12:30-14:00 RAPPORT / ATKV Koorkompetisie – Jeugkore, Artscape Piazza Plesiertent, Gratis
13:00-14:30 kykNet Films – Ons Stories, kykNet isiBaya, Gratis
13:00-15:00 BO-KAAP Meander, R280
13:30-15:00 Feeskatte, kykNet Teater, R120
14:00-15:30 RAPPORT / ATKV Koorkompetisie – Gemengdekore, Artscape Piazza Plesiertent,
14:00-16:00 BO-KAAP Meander, R280
14:30-15:30 Eden / Wynland dramafees wenstuk, Artscape Arena, R40
15:00-16:00 Santa Gamka, Fugard Studio, R90
15:00-17:00 BO-KAAP Meander, R280
15:30-17:00 kykNet Films – Ons Stories, kykNet isiBaya Gratis
15:30-17:00 RAPPORT / ATKV Koorkompetisie – Plaaskore, Artscape Piazza Plesiertent, Gratis
16:30-18:00 kykNet Film – Abraham, kykNet isiBaya, R30
16:30-18:30 AFRI-VISIE Finaal, GrandWest Arena, R110
17:30-18:30 Slegs vir Almal, Artscape Arena, R80
18:00-19:30 Vocal Mania, Garden Court Theatre, R100
19:30-20:30 Son op Sondag Koorgala, kykNet Teater, R90

ARTSCAPE

an agency of the
Department of Arts and Culture

**Physical Address:**
D F Malan Street, Foreshore,
Cape Town 8001
Postal Address: P O Box 4107,
Cape Town, 8000
**Telephone** +27 21 410-9800
www.artscape.co.za

## RAPPORT SKOUERKLOPTOEKENNING

**2006 - Die Tygerberg-Kinderkoor**
**2007 - Die Joe Barbermanne:**
**David Isaacs en Oscar Petersen**
**2008 - David Kramer**
**2009 - Anat Singh**
**2010 - Vinette Ebrahim**
**2011 - Adam Small**
**2012 - Lara Bye**
**2013 - Prof Jakes Gerwel (postuum)**
**2014 - Henry Mylne**

---

BAXTER THEATRE CENTRE at the UNIVERSITY OF CAPE TOWN

**Physical Address:**
Baxter Theatre Centre
Main Road, Rondebosch,
Cape Town

**Telephone** +27 21 685 7880
www.baxter.co.za

---

THE FUGARD THEATRE • CAPE TOWN

**Physical Address:**
Corner of Caledon and
Lower Buitenkant Street,
District 6, Cape Town

**Telephone** +27 21 461 4554
www.thefugard.com

---

GRANDWEST

**Physical Address:**
Jakes Gerwel Drive,
Goodwood,
Cape Town

**Telephone** +27 21 505 7777
www.suninternational.com/
Destinations/Casinos/
Grandwest

---



City Hall

**Physical Address:**
Darling Street,
City Centre,
Cape Town

**Telephone** +27 (0) 21 487 6800
www.capetown.travel/

---

Garden Court
TSOGO SUN

**Physical Address:**
Cnr. Melbourne and
Coronation Roads,
Walmer Estate,
Cape Town

**Telephone** +27 21 505 7777
www.suninternational.
com/Destinations/Casinos/
Grandwest

---

Welgemeend

**Physical Address:**
Hoërskool Jan van Riebeek
Welgemeendstr 2,
Kaapstad

**Telephone** +27 21 422 2601

## Naamborge

## Stigterborge

## Hoofborge

## Senior Borge

## Borge

## Venue Borge

## Produksieborge

## Vriende van die fees



www.suidoosterfees.co.za